

### “Boustene vir ’n gesonde huis”

bydra gelewer deur Gerda Vorster © Junie 2014

Partykeer kan hierdie tuisskool pad mos nogal ’n alleenpad wees (te midde van baie tuisskolers)...en so het ek geleer dat dit dan beter is om stil te word by die voete van die Koning as om my ore te veel uit te leen. Te veel kere het ek paniekerig geraak wanneer ek my kinders met iemand ander se kinders vergelyk! Ons het vriendinne nodig wat die pad saam met ons stap, maar elkeen se pad is so uniek! Ek wil graag ietsie van ons pad met jou deel:

Hierdie is ons sewende tuisskooljaar. Ek het al geleer dat daar spesifieke seisoene in mens se lewens is en dat sewe jaar baie maal die einde van een seisoen en die begin van ’n volgende is. Dis was baie duidelik aan die einde van 2012 toe ons seepfabriek afgebrand het. Kort voordat dit gebeur het, het ek en my man ervaar dat ons ’n rusjaar moes neem. Na die brand het dit glad nie meer moontlik gelyk nie. Dit was asof die mat onder ons voete uitgeruk was. My man moes krisisbeheer toepas en die woord „rus“ was nie deel van sy woordeskat nie! Twee maande later het hy nadat hy ’n tydelike fabriek opgerig het, by die een toe deur na die ander gekom. Die versekering wou nie aanspreeklikheid aanvaar nie, die banke wou nie geld leen nie en die donker wolk het geen silwerrandjie gehad nie...of so het ons gedink!

Daardie oggend het hy Skrif gekry waarop hy gereageer het, en dit was ’n keerpunt in ons lewens. Dit was : *Soek allereers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Matt 6:33.* Hy het besluit om 40 dae te vas van „werk“. Sy hart moes terugkeer huis toe. Hy het sy voete uit die boot gehaal en die eerste tree op die water gegee. Wat ’n wonderlike voorreg om hierdie reis te kon meemaak. Dis eintlik ’n lang getuienis van wat alles toe gebeur het, maar die kort weergawe is dat dinge baie gou begin draai het vir ons. My man was by die huis en alhoewel dit ’n tydjie geneem het, het sy hart huis toe gekom! Binne die 40 dae het die versekeraar laat weet dat hulle wel gaan uitbetaal vir die skade. Die bank was weer bereid om ’n lening toe te staan (wat nie meer nodig was nie) en selfs SARS het geld uitbetaal wat twee jaar terug al betaal moes word. Aan die einde van die 40 dae het my man besef dat daar wel nog so iets is soos ’n moderne sabbatsjaar en dat God steeds getrou is en hy het ingestem om die res van die jaar te „rus“.

Dit was ’n wonderlike jaar, waarin ons nie net die voorsiening van God eerstehands ervaar het nie, maar ook waarin ons familie mekaar leer ken het. Ons het baie dinge as gesin saam gedoen en my man het hard gewerk aan sy verhouding met my en veral met ons kinders. In my eie woorde sou ek dit beskryf as die **herbou van die fondasie van ons gesin**. Dit was so nodig! Ons het in baie opsigte gerus. Ons het gerus van buitemuurse aktiwiteite, formele skool en het absoluut die klem geplaas op **verhouding bou**. Ons het mekaar regtig leer ken. Ons kan sê dat ten minste een jaar in ons lewens „nie ’n gejaag na wind was nie“. Ons fokus het verskuif. Omdat ons nie formeel skool gehad het nie, was daar baie tyd om ander belangrike dinge te leer. Ons het vier kinders (tussen 6 en 12 op daardie stadium). Ons kon hulle o.a. leer om hulle finansies te bestuur, om kos te maak en om ’n groentetuin te plant, hoe om ’n huishouding te bestuur, en baie meer! Ons het begin om as ’n span te funksioneer en die kinders het baie meer verantwoordelikhede in die huishouding opgeneem as vroeër. Saam het ons informeel meer geleer en gegroei as in al die ander jare. Ons het as gesin weekliks op een of ander uitstappie gegaan en my man het elke week met een van die kinders ’n individuele afspraak gehad...die kinders kon kies wat hulle saam met hom wou doen. Op ’n stadium het ek ervaar dat ons vir elke kind ’n nuwe vaardigheid moes leer. Die oudste twee wou kitaar leer speel en ons jongste dogter het begin leer om te tik en ons seuntjie het Duitse woorde geleer. Ons het baie minder kontak en kuiers met vriende gehad en op ’n stadium het ek nogal baie geïsoleer begin voel. Ek het toe die beeld gesien van ’n boorgat wat diep geboor word. Dit was miskien ’n alleen-pad, maar die resultaat was dat ons soet water gevind het wat steeds opborrel vir ons om te geniet!

Vandag geniet ons die vrugte van hierdie wonderlike jaar in ons lewens. Die kinders het geleer om na mekaar te kyk deur ’n bril van liefde. Ons sien so maklik mekaar se foute raak en dit neem regtig oefening om te fokus op die positiewe. Ons het dit d.m.v. speletjies gedoen. Ons het vir elkeen ’n kaart met ’n muur op gemaak. Die muur het baie bakstene. Elke keer as jy iemand „vang“ wat iets moois doen, wat nie deel is van hulle verantwoordelikhede nie, het jy en daardie persoon ’n baksteen gekry.

Die kinders sal bv. ons bed in die oggend opmaak terwyl ons in die badkamer is, op eie inisiatief. Of een sal miskien die ander een se skoon skottelgoed wegpak, die deur vir 'n ander oophou of die wonderlike woorde: „jy mag eerste!“ sê. Op die muur is daar vlakke waar daar belonings wag. Die geheim is egter dat die belonings vir die hele span is en dat die span die spesifieke punt moet bereik. Ons motiveer dus mekaar en help mekaar om bo uit te kom. Dit het ons kinders se **harte na mekaar laat draai**. Ons noem dit: „**Catch me do something good**“. Ons het baie ander sulke praktiese dinge gedoen en veral gefokus op die eienskappe wat 'n huis 'n „lekker huis“ maak – wat insluit elemente soos vertroue, eerlikheid en dan samewerking sowel as elkeen se rol in die gesin. En natuurlik het ons steeds aandag gegee aan die dissipline van „eerste-keer-luister“!

Kinders voel deel van die gesin, wanneer hulle spesifieke verantwoordelikhede het. Al is dit om elke dag vir die honde water te gee of die skille op die komposhoop te gaan weggooi - dit maak regtig 'n groot verskil. Vandag doen hulle dit vrywillig en meestal ;-)) met 'n huppel in die stap. Dissipline het steeds 'n plek, maar ons het geleer dat dit baie help om hulle **te leer** om iets te doen, 'n stap wat maklik verwaarloos word.... Baie dinge wat ons as vanselfsprekend aanvaar kom nie natuurlik vir kinders nie, maar met opleiding is dit moontlik. As jy dalk wonder hoe dit werk - hoe leer ons kinders om skottelgoed te was? Ons laat hulle bystaan wanneer ons dit doen. Dan laat ons hulle dit doen terwyl ons bystaan en help. Dan laat ons hulle dit self doen, terwyl ons naby genoeg is om te help, en eers hierna kan ons hulle selfstandig laat skottelgoed was.

Ons wou ook hê dat ons kinders vroeër opstaan in die oggend. Toe kry ons 'n wonderlike plan om dit lekker te maak en nie 'n straf nie! Ons maak hulle nou 'n halfuur vroeër wakker. Dan kom klim hulle almal in ons bed en dan lees ons eers 'n storie, en gebruik dan somer die geleentheid om saam te bid voordat die dag begin. By Ford Taylor het ons geleer „**change will not happen, until the pain of staying the same, exceeds the pain of change**“. Hierdie waarheid is 'n stuk gereedskap met onskatbare waarde, dink bietjie mooi hieroor! Uit ons eie lewens: As ons kinders se beddens nie teen 'n sekere tyd opgemaak is nie, moet hulle die volgende dag nog iemand se bed opmaak...die reël werk soos 'n bom om beddens op te maak! So het ons baie gereedskap gekry om in ons gesin in te bou en „ons huis die lekkerste huis in die hele wêreld te maak“. (dit is ons kinders se visie vir die gesin).

So in hierdie jaar het ek vir God gevra wat die boustene van 'n gesonde (tuis)skool is. Die volgende 12 punte is wat Hy op my hart gelê het vir ons :

1. Wysheid begin met die dien van die Here. (Gebed gebed en nogmaals gebed!)
2. Soek alleereers die koninkryk van God en Sy geregtigheid...
3. LIEFDE is die enigste iets wat nooit misluk/faal nie. (love never fails)
4. Elkeen van die kinders het 'n rol om te vervul binne die skool. Mamma KAN NIE alles vir almal doen nie.
5. Jy kan die wêreld se beste juffrou wees en die slegste ma op dieselfde tyd.
6. Die vraag aan die einde van die dag: Het ons in mekaar se lewens ingebou of mekaar afgebreek vandag?
7. 'n Visie (maw n verwagte eindresultaat.)
8. Genoeg slaap.
9. Ek moet minder word en HY moet meer word.
10. Grense moet gestel word.
11. Moenie alles herontwerp nie, gebruik wat beskikbaar is.
12. Ons skool moet plek wees waar ander God kan raaksien en waar Hy die eer kry!

Nommer 5 hierbo het my die volgende vraag persoonlik laat vra - Wat is dan die eienskappe van n goeie ma ? Ek het ervaar dat daar regtig baie eienskappe is wat van 'n ma 'n mamma maak. Hier is die agt wat Vader op my hart kom skryf het :

1. 'n Ma het **lief** en gee waarlik om.
2. 'n Ma het **kompasie** (empatie) en stel belang.
3. 'n Ma het **ware begrip** vir wat jy deurgaen.
4. 'n Ma raak aan en **hou vas** en gee baie drukkies.
5. 'n Ma is **beskikbaar** op alle vlakke (fisies, sosiaal, geestelik en veral emosioneel).
6. 'n Ma **kommunikeer** (positief en wanneer nodig in dissipline, maar altyd om op te bou).
7. 'n Ma het **tyd** (om te luister, om te help, om te doen, om te lees ens.).
8. 'n Ma **versorg jou** op verskillende vlakke (fisies, emosioneel en geestelik).

Ons huis het verander. Die atmosfeer het verander en ons elkeen het verander! Ons is in die proses om te leer om ander hoër te stel as onself. Dit is nie 'n maklike pad nie, maar ek kan getuig dat dit moontlik is! Saam met die psalmskrywer wil ek uitroep: *Juig tot eer van die Here! Ps 100:1* As gesin is ons op 'n plek waar ons die „journey” geniet! Nee, alles loop nog nie seepglad nie en daar is nog baie plek vir verbetering, maar ek het hoop! Dankbaar vir die geleentheid om te kan inbou in ons kinders se lewens!